BOND VAN OUD-POLISIEBEAMPTES: OUTENIQUATAK

GEDRAGSKODE VIR SOSIALE MEDIAGEBRUIK

IDENTIFIKASIE

Hierdie dokument reguleer die gebruik van sosiale media deur lede van die Outeniquatak ("die tak") van die Bond van Oud-Polisiebeamptes ("die Bond").

Sodanige regulering het as basis die fudisiêre verpligting wat op die takbestuur rus: elke lid van die takbestuur is 'n fidusiêr, 'n trustee wat namens die lede van die tak optree in die belang van die lede en die lede se totale welsyn. Die takbestuur word gevolglik deur die taklede gemandateer om nie toe te laat dat lede op 'n wyse behandel word wat in teenstelling tot hierdie dokument is nie.

AANHEF

Volgehoue onderlinge kommunikasie is van groot waarde vir die lede van ons tak aangesien dit ons ondersteun in die uitvoering van die doelstellings, leuse en erekode van die Bond, soos wat dit in ons tak uitspeel.

Aan die een kant is daar 'n bewuste behoefte onder ons lede om aspekte van menswees, wat vir enigeen van ons iets werd is, met ander lede te kan deel. Uiteraard is daar natuurlik ook 'n behoefte aan kommunikasie met lede ten einde die sake van die tak te kan hanteer. Andersyds is daar ook 'n behoefte by sommige lede om die boodskap-verkeer op hul persoonlike kommunikasie-instrumente te beperk.

Dit is 'n gegewe in enige kommunikasie, selfs binne die parameters van 'n vrywillige sosiale klub soos wat die Bond inderdaad is, dat die regte van mense vooropgestel sal word. Hierdie regte is 'n hoeksteen[i] van die lewe in ons land as 'n *Rechtstaat*.

AANLYNPLATFORMS AS KOMMUNIKASIE-VOERTUIG

Ons leef in 'n wêreld van massakommunikasie wat aanlyn bedryf word. Dit het voordele en nadele. Tog onderskat ons lede nie die bruikbaarheid van hierdie voertuie nie. Inderdaad kan aanlynplatforms as onmisbaar beskou word vir doeltreffende hedendaagse groepsverwante kommunikasie.

WAT WORD BEDOEL MET SOSIALE MEDIAPLATFORMS?

Vir doeleindes van hierdie dokument word die volgende algemene omskrywing van "sosiale media" aanvaar:

Sosiale media is interaktiewe tegnologieë wat die skepping, deel en samevoeging van inhoud, idees, belangstellings en ander vorme van uitdrukking deur virtuele gemeenskappe en netwerke fasiliteer.[ii]

DIE TAK SE SOSIALE MEDIAPLATFORMS

Ten tye van die goedkeuring van hierdie dokument maak die tak gebruik van 'n webwerf, 'n Facebookbladsy en drie WhatsApp boodskapgroepe. Die administratiewe funksie rondom hierdie platforms soos in die algemene beskouing daarvan verstaan, word deur die takbestuur hanteer.

Een WhatsApp boodskapgroep is spesifiek gerig op oop en onbevange kommunikasie tussen lede om ons onderlinge kameraadskap te bevorder. Sommige van ons lede staan nog in

beroepe en verkies om nie aan hierdie groep te behoort nie aangesien die boodskap-verkeer te hoog is.

'n Volgende WhatsApp boodskapgroep word gereserveer vir tak-en Bondsake. Dit is belangrik vir lede om toegang te hê tot hierdie groep, en om daaraan blootgestel te kan word.

Die derde groep word gebruik vir bestuurskommunikasie, roetinesake, sleurwerk en dies meer. Tipies volg kommunikasie oor aspekte wat hier hanteer word, mettertyd op die tweede groep wat hierbo genoem word.

Enige toekomstige uitbreidings van en/of veranderings aan die heersende omskrywing van "sosiale media" soos hierbo weergegee word ingesluit by die toepassing van die bepalings van hierdie dokument.

Vir die suksesvolle en doelgerigte gebruik daarvan, is sosiale mediaplatforms onderhewig aan bepaalde voorskrifte en beheer.

BEHEERVOORSKRIFTE EN -MAATREëLS

Soos reeds hierbo aangedui, is hierdie behoefte aan beheer die onafwendbare gevolg van ons staatsbestel, wat die onvervreembare regte[iii] van mense vooropstel. Teen hierdie agtergrond onderneem die lede van die Outeniquatak om in hul sosiale mediakommunikasie:

1. nie iets te doen wat die doelstellings van die Bond kan skaad nie[iv];
2. nie iets sal doen wat die erekode van die Bond sal skaad nie[v];
3. hul te weerhou van enige kommunikasie wat direk of indirek oor die politiek handel[vi];
4. hul te weerhou van enige op- of aanmerking wat die integriteit van die Bond ondermyn of kan ondermyn[vii];
5. hul te weerhou van skandelike, onbehoorlike, of onbetaamlike kommunikasie[viii];
6. hul te weerhou van growwe of onbeleefde op- of aanmerkings[ix]; en
7. hul te weerhou van kommunikatiewe gedrag wat na oordeel van die takbestuur ernstige wangedrag sal uitmaak[x]. Voorbeelde van sulke gedrag is (maar nie beperk nie tot) lasterlike opmerkings; haatspraak in enige vorm; beledigende taalgebruik; die gebruik van 'n vermanende trant wat ook tegelykertyd kwetsend, beledigend en vernederend is; valse getuienis; wat kwaadwillig en verdagmakend van aard is; en kru taal.

MANDAAT AAN DIE TAKBESTUUR

Indien lede nie gehoor gee aan die voorskrifte en maatreëls soos hierbo uiteengesit is nie, moet die takbestuur sodanige gedrag oorweeg met die oog daarop om te bepaal of die voortsetting van sò 'n lid se lidmaatskap in belang van die tak en/of die Bond sal wees[xi].

---

[i] Sien hoofstuk 2 ("Handves van Menseregte") van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

[ii] Hierdie omskrywing word gevind in nagenoeg dieselfde formaat en met dieselfde inhoud in verskeie bronne, beide aanlyn en gedruk.

[iii] Met inagneming van art 36 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

[iv] Sien art 2 van die Grondwet van die Bond.

[v] Sien art 4.2 van die Grondwet van die Bond.

[vi] Sien art 9.1 van die Grondwet van die Bond.

[vii] Sien art 12.2.1 van die Grondwet van die Bond.

[viii] Sien art 12.2.3 van die Grondwet van die Bond.

[ix] Sien art 12.2.4 van die Grondwet van die Bond.
[x] Sien art 12.2.5 van die Grondwet van die Bond.
[xi] Sien art 12.2 van die Grondwet van die Bond.